NG Kerk
Vrystaat

*Erediens*

# Geloofsbelydenis

Responsories vir Lydenstyd

**RESPONSORIES VIR LYDENSTYD**

**Gemeente:** Ek glo in God – God die Vader.

**Voorganger:** Ek glo dat Hy alles gemaak het en steeds daarvoor sorg

**Gemeente:** Ek glo in God – God die Seun.

**Voorganger:** Ek glo dat Hy moes ly om die toorn van God oor my sonde te dra.
Ek glo dat Hy juis onder Pontius Pilatus gely het en onregverdig veroordeel is om die oordeel van God oor my sonde te dra.
Ek glo dat Hy juis 'n kruisdood moes sterf om die vloek van God oor my sonde te dra.
Ek glo dat Hy dit vir my persoonlik gedoen het.
Ek glo dat Hy weer opgestaan het as bewys daarvan dat Hy die kwaad oorwin het.

**Gemeente:** Ek glo in God — God die Heilige Gees.

**Voorganger:** Ek glo dat Hy dit wat Jesus vir my verwerf het waar maak in my lewe, my oortuig van die sonde in my lewe en my verseker van die verlossing

(uit die "Heidelbergse Kategismus").